The revised specification was approved by the Council of the South African Bureau of Standards on October 14, 1963 and sent to the printer on January 1, 1964.

SABS 163, WALL AND APPLIANCE SWITCHES.

The revised specification was approved by the Council on August 19, 1963 and the first proofs returned to the printer on January 27, 1964.

SABS 177, PORCELAIN AND TOUGHENED GLASS INSULATORS FOR OVERHEAD POWER LINES.

This specification was approved by the Council of the South African Bureau of Standards on June 17, 1963. Certain additions became necessary before it could be sent to the printers and the amended document is now being prepared for final scrutiny by the relevant committee.

SABS 187, HIGH AND LOW VOLTAGE BUSHINGS.

The final draft was sent out for comment on June 4, 1963. Comments received have been collated and the document is now ready for discussion by the committee.

SABS 188, STANDARD BUSHING INSULATORS.

The final draft was sent out for comment on June 6, 1963. Comments received have been collated and the document is ready for discussion by the committee.

SABS 743, LOW VOLTAGE ISOLATING TRANSFORMERS.

This specification was approved by the Council of the South African Bureau of Standards on August 19, 1963, has been prepared for printing and tenders for printing have now been called for.

DISTRIBUTION TRANSFORMERS.

The second committee draft was despatched on June 20, 1963 and the third draft is now being prepared.

EARTH LEAKAGE PROTECTIVE UNITS.

The draft for comment was despatched on August 30, 1963 and the comments received are now being collated.

ELECTRIC ARC WELDING TRANSFORMERS.

The first meeting of this committee was held on March 12, 1963. As a result of this meeting a preliminary

die opstel van 'n voorlopige dokument wat op 3 Julie 1963 aan lede van die komitee gestuur is. 'n Program van toetse en ondersoek geniet aandag.

FLUORESSEERLAMP SMOORSPOEL.

'n Vergadering is op 21 Februarie 1963 gehou en voort spruitend uit besluite geneem is 'n dokument voorberei en aan lede van die komitee besorg. 'n Werkgroep is sedertdien aangestel en het een vergadering gehou. 'n Tweede vergadering van die werkgroep is belê vir 5 Maart 1964.

GEBRUIKSKODE VIR DIE BELIGTING VAN STRATE EN HOOFWEË:

Na die agste vergadering van die werkgroep op 18 Januarie 1963 was daar nog vier vergaderings en twee verdere vergaderings is belê vir Februarie en Maart 1964. Na verwagting sal die gebruikskode met die Maartvergadering afgehandel word.

SABS 151, VASTE ELEKTRIESE OPGAARWATERVERWARMERS.

'n Vergadering is op 28 Mei 1963 gehou om sekere noodsaaklike wysigings te bespreek. Dit staan hoofsaaklik in verband met die bekamping van ontsinkingsprobleme. 'n Dokument wat die finale wysigings uiteensit, is aan lede van die komitee gestuur vir kommentaar teen 30 November 1963. Die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde het die finale dokument goedgekeur op 17 Februarie 1964.

SABS 153, ELEKTRIESE STOWE EN VERWARMINGSPLATE:

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde het toestemming verleen tot die algehele hersiening van hierdie dokument en die eerste vergadering is op 13 Februarie 1964 gehou.

SABS 166, BOGRONDSE HUISAANSLUITING-VERBINDINGSKASTE:

Wysigings is deur verskeie instansies voorgestel as gevolg van ondervinding ingewin met hierdie tipe handelsware. 'n Vergadering is op 25 Junie 1963 gehou om hierdie voorstelle te bespreek. 'n Dokument wat die aanvaarde voorstelle bevat is op 20 Augustus 1963 uitgestuur vir kommentaar. Die wysiging is deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde goedgekeur op 17 Februarie 1964.

VERBINDINGSKASTE VIR ELEKTRISITEITSMETERS.

Die eerste vergadering van hierdie komitee is op 4 Februarie 1964 gehou. 'n Dokument wat die besluite vervat sal nou in gereedheid gebring word vir versending aan lede van die Komitee.

document was prepared and despatched to members of the committee on July 3, 1963. A program of tests and investigations is in hand.

FLUORESCENT LAMP BALLAST.

A meeting was held on February 21, 1963 and as a result of decisions taken at this meeting a document was prepared and submitted to the members of the committee. A working group was subsequently appointed and had one meeting. A second meeting for the working group is scheduled for March 5, 1964.

CODE OF PRACTICE FOR THE LIGHTING OF STREETS AND HIGHWAYS.

Four further meetings of the working group were held after the eighth meeting on January 18, 1963 and two further meetings are scheduled for February and March of 1964. It is estimated that the Code will probably be completed at the March meeting.

SABS 151, FIXED ELECTRIC STORAGE WATER HEATERS.

A meeting was held on May 28, 1963 to discuss certain amendments that had become imperative. These dealt mainly with dezincification problems experienced. A document detailing the final amendments agreed upon, was sent to the members of the committee for their comment by November 30, 1963. The final document was approved by the Council of the South African Bureau of Standards on February 17, 1964.

SABS 153, ELECTRIC STOVES AND HOTPLATES.

The Council of the South African Bureau of Standards has agreed to the complete revision of this document and the first meeting was held on February 13, 1964.

SABS 166, OVERHEAD SERVICE LINE CONNECTOR BOXES.

Amendments were proposed by a number of instances as a result of experience gained with this type of commodity. A meeting to discuss these proposals was held on June 25, 1963. A document embodying the proposals accepted was circulated for comment on August 20, 1963. The amendment was approved by the Council of the South African Bureau of Standards on February 17, 1964.

CONNECTION CUPBOARDS FOR ELECTRICITY METERS.

The first meeting of this committee was held on February 4, 1964. A document, embodying the decisions taken, will now be prepared for submission to the members of the committee.

METAALMANTELVERWARMINGSEENHEDE MET MINERAALISOLASIE.

Die eerste vergadering van hierdie komitee is op 12 Februarie 1964 gehou.

HUISHOUDELIKE RADIO-ONTVANGERS VIR DIE ONTVANGS VAN RADIO-UITSENDINGS OP DIE M.F., H.F., EN B.H.F. BANDE.

Sedert die 19de November 1963 is drie vergaderings gehou en 'n vierde is belê vir 18 Februarie 1964.

VEILIGHEIDSPESIFIKASIE.

Die konsepkennisgewing vir afkondiging van die tien veiligheidspesifikasies is by die Departement van Handel en Nywerheid ingedien wat dit weer aan hulle regadviseurs vir noukeurige ondersoek oorhandig het. As die regsadviseurs tevrede is mag daar voortgegaan word met die afkondiging.

AFRIKAANSE ELEKTROTEGNIESE NOMENKLATUURKOMITEE.

Hierdie komitee het gereeld vergader gedurende die afgelope jaar.

Die V.M.E.O. verteenwoordigers wat in die verskillende S.A.B.S. tegniese komitees dien is soos volg:

MINIATUURSTROOMVERBREKERS:

Mnr. E.L. Smith.
Plaasvervanger: Mnr. H.D.O. von Oppel.

KOPERDRAAD EN -STAAF VIR ELEKTRIESE GELEIERS:

Mnr. G.C. Theron.
Plaasvervanger: Mnr. A.F. Turnbull.

TOETS VAN TRANSFORMATORS:

Mnr. W. Barnard.

HOOG- EN LAAGSPANNINGSDEURVOERE:

Mnr. C. Lombard.
Plaasvervanger: Mnr. F.J. Sulter.

RUBBERGEÏSOLEERDE KABELS:

Mnr. G.C. Theron.
Plaasvervanger: Mnr. A.F. Turnbull.

Pvc.-GEÏSOLEERDE KABELS:

Mnr. G.C. Theron,
Plaasvervanger: Mnr. A.F. Turnbull.

ISOLERINGSTRANSFORMATORS:

Mnr. V. Hart.

MINERAL INSULATED METAL SHEATHED HEATING UNITS.

The first meeting of this committee was held on February 12, 1964.

DOMESTIC RADIO RECEIVERS FOR THE RECEPTION OF BROADCAST TRANSMISSIONS IN THE M.F., H.F. AND V.H.F. BANDS.

Three meetings have been held since November 19, 1963 and the fourth meeting is scheduled for February 18, 1964.

SAFETY SPECIFICATIONS.

The Draft Notice for Promulgation of the ten safety specifications concerned is now with the Department of Commerce and Industries who has passed it on to their legal advisers for scrutiny. If the legal advisers are satisfied, promulgation can be proceeded with.

AFRIKAANSE ELEKTROTEGNIESE NOMENKLATUURKOMITEE.

This committee met regularly during the past year.

The A.M.E.U. representatives serving on the various S.A.B.S. technical committees are as follows:

MOULDED CASE CIRCUIT BREAKERS:

Mr. E.L. Smith.
Alternate: Mr. H.D.O. von Oppel.

COPPER WIRE AND BAR FOR ELECTRICAL CONDUCTORS:

Mr. G.C. Theron.
Alternate: Mr. A.F. Turnbull.

TESTING OF TRANSFORMERS:

Mr. W. Barnard.

HIGH AND LOW VOLTAGE BUSHINGS:

Mr. C. Lombard.
Alternate: Mr. F.J. Sulter.

RUBBER INSULATED CABLES:

Mr. G.C. Theron.
Alternate: Mr. A.F. Turnbull.

PVC. INSULATED CABLES:

Mr. G.C. Theron.
Alternate: Mr. A.F. Turnbull.

ISOLATING TRANSFORMERS:

Mr. V. Hart.

SMOORSPOELE VIR ELEKTRIESE GASONTLADINGS-LAMPE:

Mnr. N.P. Adams.
Plaasvervanger: Mnr. J.D. van Niekerk.

HANTERING VAN NARKOSEMIDDELS IN HOSPITALE:

Mnr. J.C. Fraser.

VLAMBOOG SWEISTOERUSTING:

Mnr. J.K. von Ahlfton.

BESKERMING VAN GEBOUE TEEN WEERLIG:

Mnr. D. Lees.
Plaasvervanger: Mnr. R.E.G. Andrews.

ISOLATORE VAN PORSELEIN EN VERSTERKTE GLAS:

Mnr. C. Lombard.
Plaasvervanger: Mnr. F.J. Sulter.

BELIGTING VAN STRATE EN HOOFWEË:

Mnr. G.C. Theron.
Plaasvervanger: Mnr. J.K. von Ahlfton.

INSTALLERING VAN LUGDRAADSTELSELS VIR DIE ONTVANGS VAN KLANKUITSENDINGS:

Mnr. E.L. Smith.
Plaasvervanger: Mnr. H.D.O. von Oppel.

DISTRIBUSIETRANSFORMATORS:

Mnr. F.L. Knobel.
Plaasvervanger: Mnr. F. Regenes.

STAALBUISE EN TOEBEHORE:

Mnr. G.C. Theron.
Plaasvervanger: Mnr. A.F. Turnbull.

MUUR- EN TOESTELSKAKELAARS:

Mnr. D. Lees.
Plaasvervanger: Mnr. G. Stephenson.

HUISHOUDELIKE YSKASTE EN WASMASJIENE:

Mnr. F.J. Sulter.
Plaasvervanger: Mnr. M.N. du Preez.

WOLFRAMGLOEIDRAADLAMP:

Mnr. D. Lees.
Plaasvervanger: Mnr. R.E.G. Andrews.

STANDAARD DEURVOERINGS:

Mnr. C. Lombard.
Plaasvervanger: Mnr. F.J. Sulter.

BALLASTS FOR ELECTRIC DISCHARGE LAMPS:

Mr. N.P. Adams.
Alternate: Mr. J.D. van Niekerk.

HANDLING OF ANAESHETICS IN HOSPITALS:

Mr. J.C. Fraser.

ARC WELDING EQUIPMENT:

Mr. J.K. von Ahlfton.

PROTECTION OF BUILDINGS AGAINST LIGHTNING:

Mr. D. Lees.
Alternate: Mr. R.E.G. Andrews.

PORCELAIN AND TOUGHENED GLASS INSULATORS:

Mr. C. Lombard.
Alternate: Mr. F.J. Sulter.

LIGHTING OF STREETS AND HIGHWAYS:

Mr. G.C. Theron.
Alternate: Mr. J.K. von Ahlfton.

INSTALLATION OF AERIAL SYSTEMS FOR THE RECEPTION OF SOUND BROADCASTING:

Mr. E.L. Smith.
Alternate: Mr. H.D.O. von Oppel.

DISTRIBUTION TRANSFORMERS:

Mr. F.L. Knobel.
Alternate: Mr. F. Regenes.

STEEL CONDUIT AND FITTINGS:

Mr. G.C. Theron.
Alternate: Mr. A.F. Turnbull.

WALL AND APPLIANCE SWITCHES:

Mr. D. Lees.
Alternate: Mr. G. Stephenson.

DOMESTIC REFRIGERATORS AND WASHING MACHINES:

Mr. F.J. Sulter.
Alternate: Mr. M.N. du Preez.

TUNGSTEN FILAMENT LAMPS:

Mr. D. Lees.
Alternate: Mr. R.E.G. Andrews.

STANDARD BUSHINGS:

Mr. C. Lombard.
Alternate: Mr. F.J. Sulter.

KODE VIR DIE HANTERING, BERGING EN INSTALLERING VAN KABELS:

Mnr. E. L. Smith.
Plaasvervanger: Mnr. H. D. O. von Oppel.

PAPIERGEÏSOLEERDE KABELS VIR SWAARDIENS:

Mnr. G. C. Theron.
Plaasvervanger: Mnr. A. F. Turnbull.

ELEKTRIESE TOERUSTING SPESIFIKASIES:

Koördinasiekomitee:
Mnr. C. Lombard.
Plaasvervanger: Mnr. G. C. Theron.

AARDLEK-BEVEILIGINGSAPPARATE:

Mnr. E. L. Smith.
Plaasvervanger: Mnr. H. D. O. von Oppel.

AFRIKAANSE ELEKTROTEGNIESE NOMENKLATUURKOMITEE:

Mnr. J. K. von Ahlfton.

VASTE ELEKTRIESE OPGAARWATERVERWARMERS:

Mnr. J. R. Cherry.

I. E. K. TEGNIESE KOMITEE 37: HERSIENING VAN PUBLIKASIE 99-1: WEERLIGAFLEIERS:

Mnr. E. de C. Pretorius.

HERSIENING VAN SABS 157-1950: ELEKTRIESE BROODBRAAIERS, SABS 158-1950: DRAAGBARE ELEKTRIESE TOESTELLE VIR DIE VERHITTING VAN VLOEISTOWWE, SABS 159-1950: ELEKTRIESE STRYKYSTERS, SABS 160-1950: ELEKTRIESE LUGVERWARMERS EN UITSTRALERS:

Mnr. E. E. de Villiers.
Plaasvervanger: Mnr. L. Dreyer.

HERSIENING VAN SPESIFIKASIE VIR BOGRONDSE HUISAANSLUITING-VERBINDINGSKASTE:

Mnr. E. L. Smith.

HERSIENING VAN SABS 153-1958: ELEKTRIESE STOWE EN VERWARMINGSPLATE:

Mnr. H. R. Durr.
Plaasvervanger: Mnr. L. Futcher.

VERBINDINGSKASTE VIR ELEKTRISITEITSMETERS:

Mnr. P. J. Botes.
Plaasvervanger: Mnr. F. J. v.d. Merwe.

CODE FOR HANDLING, STORAGE AND INSTALLATION OF ELECTRIC CABLES:

Mr. E. L. Smith.
Alternate: Mr. H. D. O. von Oppel.

PAPER INSULATED CABLES FOR HEAVY DUTY:

Mr. G. C. Theron.
Alternate: Mr. A. F. Turnbull.

ELECTRICAL EQUIPMENT SPECIFICATIONS CO-ORDINATING COMMITTEE:

Mr. C. Lombard.
Alternate: Mr. G. C. Theron.

EARTH LEAKAGE PROTECTION DEVICES:

Mr. E. L. Smith.
Alternate: Mr. H. D. O. von Oppel.

AFRIKAANSE ELEKTROTEGNIESE NOMENKLATUURKOMITEE:

Mr. J. K. von Ahlfton.

FIXED ELECTRIC WATER STORAGE HEATERS:

Mr. J. R. Cherry.

I. E. C. TECHNICAL COMMITTEE 37: REVISION OF PUBLICATION 99-1: LIGHTNING ARRESTORS:

Mr. E. de C. Pretorius.

REVISION OF SABS 157-1950: ELECTRIC TOASTERS, SABS 158-1950: PORTABLE ELECTRIC APPLIANCES FOR HEATING OF LIQUIDS, SABS 159-1950: ELECTRIC IRONS, SABS 160-1950: ELECTRIC AIR HEATERS AND RADIATORS:

Mr. E. E. de Villiers,
Alternate: Mr. L. Dreyer.

REVISION OF SPECIFICATION FOR OVERHEAD SERVICE LINE CONNECTOR BOXES:

Mr. E. L. Smith.

REVISION OF SABS 153-1958: ELECTRIC STOVES AND HOTPLATES:

Mr. H. R. Durr.
Alternate: Mr. L. Futcher.

CONNECTION CUPBOARDS FOR ELECTRICITY METERS:

Mr. P. J. Botes.
Alternate: Mr. F. J. van der Merwe.

METAALMANTEL VERWARMINGSEENHEDE MET MINERAALISOLASIE:

Mnr. L. Dreyer.
Plaasvervanger: Mnr. U.B. Gresse.

Dit word steeds meer en meer moeilik om ingenieurs te vind wat gewillig is om die V.M.E.O. op die SABS se tegniese komitees te verteenwoordig. Ingenieurs van die Rand en omgewing is reeds oorlaai met pligte en is dikwels nie in staat om bykomstige verantwoordelikhede op hulle te neem nie. Enige hulp wat ingenieurs van veraf sentrums mag aanbied sal waardeer word. Dit is, om klaarblyklike redes, noodsaaklik dat die V.M.E.O. 'n aktiewe rol moet vul in die opstel van standaard spesifikasies vir elektriese ware.

'n Uitnodiging is gedurende die jaar ontvang van die Voorsitter van die Raad van die S.A. Buro vir Standaarde om 'n V.M.E.O.-lid af te vaardig om die Nasionale Standaarde Konferensie by te woon wat van 23 tot 26 September in Pretoria gehou is, en Mnr. G.C. Theron het toe die Vereniging op die Konferensie verteenwoordig.

'n Informele samespreking is gedurende die jaar gehou met 'n verteenwoordiger van die S.A. Buro vir Standaarde in verband met die implikasies van 'n moontlike oorskekaling van die bestaande mate- en gewigte stelsel na die metrieke stelsel en 'n antwoord wat op 'n vraelys oor hierdie aangeleenthede van die Buro ontvang is, is voorberei en ingedien.

Om mee af te sluit, wil ek graag weer alle amptenare van die S.A. Buro vir Standaarde bedank vir al die vriendelike hulp en samewerking gedurende die jaar asook die ingenieurlede en lede van hulle personeel wat as verteenwoordigers van hierdie Vereniging op die verskeie tegniese subkomitees gedien het.

C. LOMBARD,
V.M.E.O. VERTEENWOORDIGER,
S.A.B.S.-KOMITEES.

MINERAL INSULATED METAL SHEATHED HEATING UNITS:

Mr. L. Dreyer.
Alternate: Mr. U.B. Gresse.

It is becoming increasingly difficult to find engineers who are prepared to represent the A.M.E.U. on S.A.B.S. technical committees. Engineers from the Reef and environments are already carrying a heavy burden and are often unable to take on additional responsibilities. Any assistance that engineers from further afield may offer, will be appreciated. It is, for obvious reasons, essential that the A.M.E.U. should continue to play an active role in the preparation of standard specifications for electrical commodities.

During the year an invitation was received from the Chairman of The Council of the S.A. Bureau of Standards for a representative of the A.M.E.U. to attend the National Standards Conference which was held in Pretoria from September 23 - 26 inclusive and Mr. G.C. Theron represented the Association at this Conference.

An informal discussion was held during the year with a representative of the S.A. Bureau of Standards in connection with the implications involved in a possible change-over from the present system of weights and measures to the metric system and a reply to a questionnaire on this subject received from the Bureau was prepared and submitted.

In conclusion, I would once again like to thank the officials of the S.A. Bureau of Standards for their kind assistance and co-operation during the year, and also the engineer members and members of their staffs who are serving as representatives of this Association on the various technical sub-committees.

C. LOMBARD,
A.M.E.U. REPRESENTATIVE,
S.A.B.S. COMMITTEES.

JAARVERSLAG: „REG VAN VOORSIENING" ONDERKOMITEE.

Hierdie komitee het nie gedurende die afgelope jaar vergader nie maar verskeie vrae in verband met hierdie onderwerp is per korrespondensie behandel.

'n Verteenwoordiger van hierdie Komitee het ook 'n vergadering van die Verenigde Munisipale Bestuur in Pretoria bygewoon waar die onderwerp bespreek is.

C. LOMBARD,
SAAMROEPER.

ANNUAL REPORT: RIGHTS OF SUPPLY SUB-COMMITTEE:

The Committee did not meet during the past year but several queries in connection with this subject were dealt with by correspondence.

A representative of this Committee also attended a meeting of the United Municipal Executive in Pretoria where this subject was discussed.

C. LOMBARD,
CONVENER.

JAARVERSLAG: S.A.I.E.I.-KOMITEE BELAS MET DIE HERSIENING VAN DIE GEBRUIKSKODE VIR BOGRONDSE GELEIDINGS VIR TOESTANDE SOOS IN SUID-AFRIKA AANGETREF.

Die Onderkomitee deur die hoofkomitee aangestel om 'n konsep op te stel het gereeld vergader gedurende die afgelope jaar en ek kan rapporteer dat goeie vordering gemaak is.

Na verwagting sal hierdie onderkomitee sy werksaamhede afhandel en in staat wees om 'n finale konsep van die gewysigde gebruikskode aan die hoofkomitee vir goedkeuring voor te lê gedurende die loop van hierdie jaar.

C. LOMBARD,
VERTEENWOORDIGER.

ANNUAL REPORT: S.A. I.E.E. COMMITTEE TO REVISE THE CODE OF PRACTICE FOR OVERHEAD LINES FOR CONDITIONS PREVAILING IN SOUTH AFRICA.

The Drafting Sub-Committee appointed by the Main Committee met regularly during the past year and I can report that good progress has been made.

It is expected that this Sub-Committee will complete its work and will be in a position to submit a final draft of the revised Code of Practice to the main Committee for approval during the course of this year.

C. LOMBARD.
REPRESENTATIVE.

JAARVERSLAG VAN DIE KOMITEE BELAS MET AANBEVELINGS T.O.V. NUWE ELEKTRIESE HANDELSARTIKELS.

Die samestelling van hierdie Komitee is soos volg:

(1) V.M.E.O.: Mnr. C. Lombard, Mnr. R.W. Bolton.

(2) Mnr. R.W. Kane.

(3) Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde:
Mnr. A.A. Middlecote,
Mnr. D.I. Jones.

(4) S.A.I.E.I. Bedradingsregulasieskomitee:
Mnr. J.C. Fraser,
Mnr. J.T. Williams.

(5) Elektrisiteitsvoorsieningskommissie:
Mnr. J.W. Barnard,
Mnr. W. Steen-Stenerson.

(6) Elektrotegniek en Geallieerde Nywerhede Vereniging:
Mnr. J. Morrison.

(7) Elektrotegniese Aannemersvereniging van Suid-Afrika:
Mnr. F.B. Gibson,
Mnr. J.M. Fraser.

Die Komitee het eenkeer gedurende die jaar vergader en lede is van alle aanbevelings verwittig op die gewone manier deur middel van die nuusbriewe.

In die geval van verskeie navrae van voornemende applikante ontvang is laasgenoemde meegedeel dat die Komitee nie aansoeke oorweeg ten opsigte van ware waarvoor daar reeds 'n standaardspesifikasie bestaan nie.

ANNUAL REPORT OF THE RECOMMENDATIONS COMMITTEE FOR NEW ELECTRICAL COMMODITIES.

This Committee is constituted as follows:

(1) A.M.E.U.: Mr. C. Lombard, Mr. R.W. Bolton.

(2) Mr. R.W. Kane.

(3) South African Bureau of Standards:
Mr. A.A. Middlecote,
Mr. D.I. Jones.

(4) S.A.I.E.E. Wiring Regulations Committee:
Mr. J.C. Fraser,
Mr. J.T. Williams.

(5) Electricity Supply Commission:
Mr. J.W. Barnard,
Mr. W. Steen-Stenerson.

(6) Electrical Engineering and Allied Industries Association:
Mr. J. Morrison.

(7) Electrical Contractors Association of South Africa:
Mr. F.B. Gibson,
Mr. J.M. Fraser.

(8) Secretaries: Messrs. Davidson & Ewing (Pty) Ltd.

The Committee met once during the year and all recommendations were made known to members in the usual way through the medium of the news bulletins.

In the case of several enquiries received from intending applicants, the latter were informed that the Committee does not consider applications in respect of commodities of which a standard specification exists.

Een aansoek word nog oorweeg en sal afgehandel word sodra die applikant reëlings getref het om 'n monster van die betrokke artikel by die S. A. Buro vir Standaarde in te dien en verslae beskikbaar is.

Twee aansoeke is geskrap aangesien hulle, te wyte aan onvoldoende inligting, nie afgehandel kon word nie, en aangesien daar geen verdere korrespondensie in verband daarmee ontvang is nie.

Soos in vorige jare het die S. A. Buro vir Standaarde die Komitee weer bygestaan met die toets van artikels waar nodig en ons wil graag ons dank en waardering aan die Buro te boek stel vir die dienste gedurende die afgelope jaar aan die Komitee gelewer.

Ons is ook dank verskuldig aan die verteenwoordigers van die verskillende liggame en organisasies wat gedurende die afgelope jaar in die Komitee gedien het.

C. LOMBARD,
SAAMROEPER.

Our application is still under consideration and will be finalised as soon as the applicant has made arrangements to submit a sample of the commodity concerned to the S. A. Bureau of Standards and test reports are available.

Two applications were removed from the records as these could not be finalised owing to lack of information and no further correspondence in connection therewith had been received.

As in previous years, the S. A. Bureau of Standards has again assisted the Committee by carrying out tests on commodities where necessary and it is desired to place on record our thanks and appreciation to the Bureau for the services rendered to the Committee during the past year.

Our thanks are also due to the representatives of the various bodies and organisations who served on the Committee during the past year.

C. LOMBARD.
CONVENOR.

ELECTRICAL WIREMEN'S REGISTRATION BOARD.

ANNUAL REPORT 1963.

As in previous years the Board met on eleven occasions during the year but it is rather interesting to note that the number of applications for registration have increased considerably during 1963. The average number of applications for the years 1960/1/2 were 400 per annum, whilst 1963 resulted in 640 applications. Whether this is the result of the Republic wide registration of contractors and the consequential increased interest by supply authorities in the contractors' staff or alternatively added interest in registration resulting from the impending full determination of the Republic or finally an outcome of the compulsory trade test at the end of the penultimate year, I would not like to guess but it certainly is an outstanding increase. Of the 640 applications, 23 were granted exemption, 606 accepted for the examination and 11 refused or deferred.

The usual examinations were held throughout the year, 650 candidates writing the written examination with 272 or 41.8% becoming eligible to take the practical section which is some 4% better than the 1962 result and considerably better than the results of previous years. 342 Candidates presented themselves for the practical section of the examination with 267 or 78.1% passing being nearly a 17% improvement over 1962.

During 1962 the Secretary of the Board was asked to record details of wiremen apprentices taking the compulsory test and the results, since it was felt that these figures would be interesting. The attached table reflects the position. It only refers to wiremen apprentices but the wide spread application of trade tests for the overall electrical trades has resulted in certain successful results being accepted as further part or whole exemptions for the Wiremen's Licence.

Since the inception of registration in 1940, 13,276 applications have been considered, 2,500 exemptions granted, 9,276 were accepted for the examination and 1,500 deferred or refused. The total number of certificates issued is now 8,417.

The Regulations made and published under Section 33 of the Act, as amended from time to time, were consolidated, amended and republished under Government Notice No. R1662 dated the 25 October, 1963.

The Minister has withdrawn all the existing determinations and has determined the whole of the Republic of South Africa as the area in which Sections 19 and 20 of the Act shall apply with effect on the 1st September, 1964 vide Government Notices Nos. R1735 and R1736 dated the 8th November, 1963.

Finally, Mr. President, and gentlemen, this will be my last report to you as your representative on the

Wiremen's Board. I have spent nine interesting and happy years on the Board under three Chairmen and one Acting Chairman. My sincere thanks is due to all members of the Board, the Chairman and finally the Secretary, Mr. Louw, and his staff, for a very pleasant period of office and also my thanks to the Association for affording me the opportunity to serve them on this important Board.

Mr. Chris Lombard now represents you on the Board and I am quite sure that the interests of all will be well looked after and I wish him all success.

R.W. KANE,
(Representative).

TABLE.

Year	Number whose contract periods were reduced between 12 and 6 months.	Number whose contract periods were reduced by less than 6 months.	Number whose contract periods were not reduced, but who qualified for registration on termination of their contracts.
1963	5	4	5
1962	17	2	2
1961	3	-	7
1960	11	4	4
1959	* 14	* 8	9

* These figures are approximate as no detailed records were kept prior to 1960.

DIE AANSPREEKLIKHEID VAN MUNISPALITEITE, RAADSLEDE EN INGENIEURS ONDER DIE GEMENEREG EN SEKERE STATUTE

Deur RAADSLID W.F. MEYER, WELKOM.

1. Hierdie referaat het sy oorsprong gekry met 'n stelling wat gemaak was deur die Stadsklerk van Parow, verlede jaar te Margate, tydens die Elektrisiteitskongres toe hy in 'n referaat kortliks die soeklig laat val het op die aanspreeklikheid van Munisipale Ingenieurs vir onregmatige dade gepleeg in hulle diensbetrekking, en die gevolge wat daaruit voortvloei.

Die bewering was dat kragtens Artikel 381(5) van die Strafproses-Wet Nr. 56/55, die Publieke aanklaer geregtig is, om, wanneer 'n misdaad gepleeg is, waarvoor 'n regspersoon aanspreeklik is, ook die werknemers of direkteure persoonlik aan te kla vir die misdryf.

2. Hierdie stelling is so belangrik vir Raadslede en Amptenare van Munisipaliteite dat ons Instituut dit goedgedink het om 'n verdere bespreking te wy aan die onregverdige bepalings en terselfdertyd dit ook 'n bietjie kritiies te beskou.

3. Die regsaanspreeklikheid van Munisipaliteite, Raadslede en Amptenare kan voortvloei uit verskillende bronne naamlik:-

(A) die gemenereg;
(B) die verbintenisreg;
(C) die strafreg;
(D) sekere statute en deur die strafprosesreg.

4. Omdat ons by hierdie kongres nie almal regsgeleerdes is nie, en ten einde die aanspreeklikheid van Munisipale Rade, raadslede, en hulle amptenare beter te verstaan, wil ek eers kortliks 'n algemene uiteensetting gee van die samestelling van ons reg.

5. Die mens is 'n sosiale wese. Hy leef in samelewing met sy medemens. Hierdie samelewing is slegs bestaanbaar indien dit georden is. Die ordende faktor in die samelewing is die Reg. Die Reg baken die bevoegdhede, regte en verpligtinge, af van die mens in die samelewing, want ordening is slegs moontlik deur afbakening. Die afbakening geskied deur reëls te stel waaraan die mens gebind is in sy handel en wandel. (a)

Reg is dan die geheel van bindende reëls wat menslike samelewing orden. (b)

Die regsreëls wat binne 'n staat geld, vorm een geheel, 'n groot eenheid. Om hierdie reëls beter te kan begryp en verstaan, word regsreëls, geklassifiseer of gegroepeer na gelang van die verhoudings waarop hulle betrekking het. So praat ons van privaatreg en publieke reg, van materiële reg en formele reg, van verbintenisreg en strafreg, ens. Hierdie groepe of klasse stel egter nie presies afgebakende gebiede daar nie, want die grense tussen die verskillende groepe is nie suiwer te trek nie. In sy wese en oorsprong is alle reg privaatreg, want die reg reël verhoudings tussen mens en mens. In regsgeleerde terminologie word vandag egter as privaatreg beskou die deel van die reg wat oorbly na aftrekking van die publieke reg. (c)

Soos reeds gesê, is die grense tussen die verskillende regsgebiede nie met noukeurigheid aan te wys nie. In breë trekke kan mens darem tussen privaatreg en publieke reg onderskei, en wel na gelang van die verhoudings waarop die reëls betrekking het. Publieke reg is daardie deel van die reg wat die verhoudings reël waarin die mens, as ondergeskikte, teenoor die owerheid staan. Die enkeling staan nie altyd as ondergeskikte teenoor die owerheid nie. Die owerheid of staat kan as gelykwaardige in 'n regsverhouding teenoor die enkeling staan. As ek my grond verkoop aan die staat, wat dit koop om 'n nedersetting daarop te stig, of 'n vliegveld daarop aan te lê, staan ek en die staat as gelykwaardige kontrakspartye teenoor mekaar, en is die verhouding 'n privaatregtelike. Publiekregtelik is die verhouding as ek as ondergeskikte teenoor die owerheid te staan kom. So is die staat se bevoegdheid om my grond te onteien, 'n publiekregtelike. Maar, soos reeds gesê, die afbakening is 'n kunsmatige, en verhoudings is denkbaar waarby mens nie presies sal kan sê of hulle publiekregtelik dan wel privaatregtelik is nie. (d) (e)

Tot die publieke reg behoort ook die strafreg. Dit was nie altyd so nie. Alle reg was oorspronklik privaat-

---

(a) Strafreg deur J. C. de Wet en H. L. Swanepoel 1949 ed. p. 1.

(b) Strafreg supra p. 1
(c) & (d) Strafreg supra p. 1
(e) Strafreg supra p. 1

reg, want uiteraard kan daar nie publieke reg wees waar daar geen staatsorganisasie is nie. Ook die primitiewe strafreg was privaatreg, want die pleging van onreg is gewreek deur die benadeelde of sy sipgenote, en nie van staatswëë gestraf nie. Die ou strafreg was dus eintlik privaatregtelike wraakreg. Mettertyd, met die ontwikkeling van 'n staatsorganisasie, tree die staat al hoe sterker op die voorgrond as handhawer van die orde, en word die privaatregtelike wraak al hoe meer ingekort totdat die enkeling nie meer die onreg mag wreek nie, maar die staat die onreg straf. Regte van die ontwikkeling van die strafreg tot publieke reg, tref mens vandag nog aan. Tot sekere hoogte het ons nog in die privaatregtelike aksies uit onregmatige daad middels wat nie net gerig is op vergoeding van gelede skade nie, maar 'n element van straf vir gepleegde onreg bly behou. Aan die anderkant sien ons weer in die strafreg, spore van privaatregtelike agtergrond daarin dat die benadeelde 'n strafvervolging kan instel waar die staat weier om te vervolg. (f) (g)

Alhoewel die skeiding tussen privaatreg, en publieke reg nog nie tot in al sy konsekwensies deurgevoer is nie, mag ons darem die stelling maak dat in ons hedendaagse maatskaplike organisasie die strafreg publiekregtelik is, en wel daardie afdeling van die publieke reg wat aanwys welke menslike gedraginge die mens blootstel aan straf, en wat die straf sal wees. Grondbegrippe van die strafreg is die misdaad en die straf. So innig is hierdie twee begrippe met mekaar verbonde, dat die een nie sonder verwysing na die ander omskryf kan word nie. Misdaad is 'n handeling wat op straf verbied is en straf is 'n leed wat die pleger van 'n misdaad van staatswëë toegevoeg word, omdat hy die misdaad gepleeg het. (h)

In die moderne reg is 'n misdaad 'n wederregtelike menslike gedraging, waaraan die dader skuld het, en wat met straf bedreig word. Dit was nie altyd so nie. In primitiewe regstelsels is strawwe ook toegevoeg aan diere, en selfs lewelose voorwerpe, en is menslike daders met straf besoek ook al het hulle nie skuld nie. Met die verfyning van die regsgevoel raak misdade, waarvan skuld nie 'n element is nie, al hoe meer op die agtergrond. Mens voel dit as onbillik aan om die mens te straf as hy geen skuld het nie.

Straf is 'n leed wat die mens van staatswëë toegevoeg word weens sy oortreding. Die enigste voorwaarde vir die straf is die pleging van 'n misdaad deur die persoon aan wie die straf toegevoeg word en hy word gestraf omdat hy oortree het. (i) (j)

Dit is hierdie grondbegrippe, misdaad en straf, en hulle onderlinge verband wat die strafreg van ander regsgebiede onderskei. In die privaatreg sien ons ook dat aan die pleging van onreg nadelige gevolge vir die pleger vasgeknoop word. Iemand ry 'n ander op straat omver en breek sy been. Hierdie gebeure kan die dader strafregtelike en privaatregtelike gevolge op die hals haal. Hy kan vervolg word weens die misdaad wat hy gepleeg het, en gestraf word met boete, en hy kan deur die benadeelde aangespreek word vir vergoeding van skade, en tot die betaling van 'n bedrag veroordeel word. Die verskil tussen die twee bedrywighede sit nie daarin dat in laasgenoemde die benadeelde, en in eersgenoemde die staat, die geding aanhangig maak nie, want, soos ons al gesien het, kan die benadeelde self ook strafregtelik vervolg indien die staat nie vervolg nie. Die verskil sit hierin dat die boete aan die benadeelde opgelê word met die doel om die oortreding van die verbod te wreek, terwyl skadevergoeding toegestaan word met die doel om die nadeel, wat die veronregte gely het, op die stigter van die skade te rus te laat kom. (k)

Die begrippe misdaad en straf onderskei die strafreg ook van ander dele van die publieke reg, en veral van die administratiewe reg. 'n Kranksinnige word gegryp en in 'n gestig gestop. 'n Persoon wat aan aansteeklike siekte ly, word met geweld van sy medemens afgesonder. 'n Lisensiehouer, wat die terme van sy vergunning verbreek, word sy lisensie, wat vir hom miskien duisende rande werd is ontneem. In al hierdie gevalle word die persoon 'n leed van staatswëë toegevoeg, en tog val hierdie dinge nie onder die strafreg nie. Die rede is dat hierdie leed die persoon nie toegevoeg word as vergelding vir die oortreding van 'n verbod nie, maar omdat dit in die belang van die gemeenskap beskou word om gevaarlike kranksinniges of die draers van siektes van die gemeenskap af te sonder, of in die geval van die lisensie, omdat die staat iemand, wat die voorwaardes van sy vergunning nie nakom nie, onwaardig ag om die vergunning te behou. Selfs al sou die verbeuring van die vergunning volg op 'n skuldigbevinding aan 'n misdaad is die verbeurdverklaring van die vergunning nog 'n administratiefregtelike bedrywigheid, en wel omdat die doel daarvan nie straf is nie, maar iets anders. (l)

DIE verbintenisreg is 'n onderafdeling van die vermoënsreg en dien om die vermoëns regtelike posisie tussen persone onderling te bepaal. Hier vloei verpligtings voort ex Contractu & ex Delicto en Ex quasi contractu en ex quasi delicto. Die strafprosesreg is reëls van bewysleer wat bepaal hoe die Staat sy bevoegdhede handhaaf en in die regte afgedwing kan word.

Ek wil dan verder ook nagaan die regsaanspreeklikheid van Rade, Raadslede, en Ingenieurs wat voortvloei uit die Elektrisiteits Wet, Fabrieks Wet, Bedrading van Kontrakteurs Wet, want ons besprekings i.v.m. Elektrisiteitsvoorsiening draai gewoonlik maar net om hierdie Wette.

(g) Art. 11 van Strafproseswet 56/1955
(h) & (i) Strafreg Supra p. 2
(j) Strafreg Supra p. 3
(k) Stratreg Supra p. 3
(l) Strafreg Supra p. 3

Wat is 'n Munisipaliteit, in die Reg? Dit is 'n regspersoon en kan as volg gedefinieer word.

'n Regspersoon of Universitas personarum, is in regte 'n persoon wat onderskeibaar is van sy lede, wat bevoeg is om in sy eie naam te dagvaar of gedagvaar te word. Dit is 'n versameling van indiwidue, wat 'n persoon of entiteit vorm, wat die bevoegdheid besit om regte te verkry en verpligtinge aan te gaan, tot 'n groot mate net soos 'n menslike wese. Sy essensiële kenmerke is dat dit in staat is om eiendom te besit afsonderlik van sy lede, en dat dit voortdurend kan bestaan, met ander woorde dit bestaan voortdurend alhoewel die lede wat dit saamstel voortdurend mag wissel. (m)

Die belangrikste soorte regspersone is publieke liggame soos Munisipale rade, Hawe-rade, Universiteite ens., wat daar gestel word deur spesiale ordonansies of Wette van die Parlement, en maatskappye wat ingelyf is deur die Maatskappye Wet. Tans is staatsgesag nodig om 'n regspersoon daar te stel, maar dit was nie altyd so nie. (Sien Morrison vs Standard Building Society). (n)

A. AANSPREEKLIKHEID VAN DIE REGSPERSOON EX CONTRACTU :

Op hierdie gebied kan 'n regspersoon regte en verpligtinge verkry deur die sluiting van Koop en Verkoop, Huurkontrakte, Heer- en diensbode wette en verder die bepalings van onderstaande Wette:

Nywerheidsversoeningswet	36/1937
Loonwet en Kantore Wet	41/1939
Fabriekswet (soos gewysig)	22/1941
Vakleerlingwet	37/1944

wat spesifieke loonbepalings bevat. Ook die Stadsgebiedewet, bepaal die registrasie van dienskontrakte.

Deur vervoerkontrakte is die regspersoon aanspreeklik vir skade of verlies aan persone en goedere, en verder deur Borgstellings of waarborge, en deur verteenwoordiging as prinsipaal of agent, kan die regspersoon regte en verpligtinge beding.

(Ek gaan niks sê oor die aanspreeklikheid van Raadslede en amptenare ex contractu nie want dit is te algemeen bekend).

B. AANSPREEKLIKHEID VAN DIE REGSPERSOON EX QUASI CONTRACTU :

In sekere gevalle skryf die reg aanspreeklikheid toe op die basis dat geen persoon of regspersoon onregverdiglik verryk sal word ten koste van 'n ander nie en hierdie aanspreeklikheid ontstaan ex quasi contractu. Rade kan gedagvaar word vir restitusie tot die mate waarin hulle onregverdiglik verryk is, of ultra vires gehandel het. (Sien Petersen vs. Green Point Municipality 186 V) 5. S.C. 63). Netso moet 'n regspersoon vergoeding betaal vir werk of dienste of voordele wat dit ontvang het en so ook vir verbeterings waarvan dit die voordeel behaal het. (o)

C. AANSPREEKLIKHEID VAN DIE REGSPERSOON EX DELICTO :

'n Onregmatige daad is 'n verbreking van 'n algemene verpligting daar gestel deur die reg, wat aan die benadeelde persoon 'n reg van aksie gee (Lee & Honore P. 193). (p)

Die aanspreeklikheid vir delikte kan voortvloei uit nalatigheid (culpa) of deur opset (Dolus- "malice").

'n Onregmatige daad kan mens onderskei van ander siviele oortredings, daarin dat die verpligting wat deur die reg van onregmatige dade opgelê word, aan die mensdom in die algemeen verskuldig is, en nie net aan 'n enkele persoon, of groep persone nie: maar dit is 'n verpligting wat deur die reg neergelê word, onafhanklik van die handeling of wil van die partye. (q)

'n Munisipaliteit is aanspreeklik vir die onregmatige dade van sy amptenare gepleeg in die bestek van sy dienstrekking. (r)

1. Wie is die Werkgewer?.

Teneinde deliktuele aanspreeklikheid te bepaal moet bepaal word wie is die werkgewer en dit kan gedoen word deur te bepaal wie die seggenskap of beheer het, oor die wyse of metode waarop 'n taak verrig sal word. Die persoon wat beheer reserveer oor die wyse waarop die werk verrig moet word deur 'n ander, is die werkgewer, en die wat die taak uitvoer is die werknemer. (s)

Ten opsigte van aanspreeklikheid vir sy onregmatige dade, mag 'n persoon in die diens wees van een werkgewer en terselfdertyd 'n dienskneg vir 'n ander werkgewer vir 'n ander besondere doel. In daardie geval is daardie persoon aanspreeklik wat reg tot kontrole gehad het oor

---

(m) "Law of Delect". McKerron 4de Ed. P. 140

(n) McKerron p. 141. Morrison vs Standard Building Society. 1932 AD. p. 238

(o) The S.A. Law of Obligations, by R.W. Lee & A.M. Honore 1950 EDN. para. 682

(p) Lee & Honore Supra P. 193

(q) Lee & Honore Supra para. 720

(r) Lee & Honore. p. 201. para. 736. Union Govt. vs Hawkins 1944 AD. 556

(s) Lee & Honore. para. 737 Pretoria Municipality vs Esterhuizen. 1928 TPD. 678

die manier waarop die dienskneg sy werk moes doen tydens die pleeg van die onregmatige daad. (u)

Teneinde vas te stel of die dienskneg 'n daad gepleeg het binne die bestek van sy diensbetrekking, is die volgende reëls van belang:-

(i) As 'n daad wat gepleeg is deur die dienskneg so intiem verbind was met dit waartoe hy 'n opdrag gehad het deur sy werkgewer, sodat dit beskou kan word as 'n metode van uitvoering van daardie daad, dan sal die werkgewer verantwoordelik wees.

(ii) Indien 'n dienskneg afwyk vir sy eie doel van die werkgewer se besigheid, is dit 'n vraag of die graad waarmee hy afgewyk het so groot is in terme van tyd en ruimte, dat dit nie redeliker wyse gehou kan word dat hy nie steeds besig is om die funksies te verrig waartoe hy opdrag gehad het nie.

(iii) Die werkgewer kan nie aanspreeklikheid vryspring slegs deur die feit dat die gedrag van die dienskneg wat die onregmatige daad daar stel deur die werkgewer uitdruklik verbied was, of opsetlik of kwaadwilliglik of strafregtelik was of bestaan het in 'n versuim om die werkgewer se werk te doen nie. (v)

'n Dienskneg het 'n reg van aksie vir onregmatige daad (dade) teen sy werkgewer in verband met skade wat hom berokken is deur die onregmatige daad of 'n ander dienskneg in diens van dieselfde werkgewer, wat gepleeg is in die diens van daardie dienskneg se diensbetrekking. (w)

'n Werkgewer is nie aanspreeklik vir die onregmatige dade van 'n onafhanklike kontrakteur nie. (x)

'n Werkgewer is onder die gemene-reg verplig om redelike maatreëls te tref vir beskerming van sy werknemers in die loop van hulle diensbetrekking. (y)

Afgesien van enige vraag van nalatigheid mag 'n werkgewer verplig wees om sy werknemer skadeloos te stel vir leed wat hom berokken is ten gevolge van 'n ongeluk wat ontstaan het en gebeur in die loop van die dienskneg se diensbetrekking en tot gevolg het, aan hom persoonlike beserings. (aa)

So is 'n regspersoon aanspreeklik soos enige ander werkgewer vir onregmatige dade van sy dienskneg wat gepleeg is in die loop van daardie dienskneg se diensbetrekking, mits 'n besondere daad gedoen was binne die omvang van die regspersoon se regsmag. (ab)

3. Mc. Kerron het die volgende mee te deel aangaande die aanspreeklikheid van die Regspersoon:-

In die Romeinse-reg was 'n universitas nie aanspreeklik vir die onregmatige dade van sy verteenwoordigers nie, in soverre die regspersoon nie daardeur verryk was nie. (ac)

Dit is twyfelagtig of hierdie reël ook deel gevorm het van die Romeinse-Hollandse reg, maar of daardie reël nou al deel was van die Romeinse reg of nie, is dit nou vasgestel bo enige twyfel dat die regspersoon aanspreeklik is vir die onregmatige dade van sy verteenwoordigers of diensknegte op dieselfde manier en tot dieselfde mate as enige ander prinsipaal of werkgewer. Bowenal is daar gesag vir die mening dat, in sekere omstandighede, kan die regspersoon persoonlik aanspreeklik gehou word vir die onregmatige daad gepleeg deur sy verteenwoordiger of dienskneg. Byvoorbeeld, waar 'n gewraakte daad direk gemagtig is deur die Raad van Direkteure, of hoof-uitvoerende liggaam, van die regspersoon, in so 'n geval wil dit skyn asof die daad beskou moet word as 'n uitdruklike daad van die regspersoon self. (ad)

4. 'n Baie moeilike vraag wat nog nie in ons Howe oor beslis is nie, is of 'n regspersoon aanspreeklik gemaak kan word vir 'n onregmatige daad, wat gepleeg is deur een van sy diensknegte in die loop van 'n handeling wat ultra vires die regspersoon is. (ae)

5. Onder die kontraktereg is die reël dat 'n regspersoon nie aanspreeklik kan wees ten opsigte van 'n ultra vires handeling nie. Maar, dit word beweer dat die reël nie van toepassing is op onregmatige dade nie. As die reël toegepas sou moet word in onregmatige dade, dan sal 'n regspersoon nooit gedagvaar kan word vir 'n onregmatige daad nie, aangesien streng gesproke, die onregmatige daad, altyd ultra vires die regspersoon is. Dit word derhalwe beweer, dat in beginsel daar geen regsgrond is om die verskil te maak betreffende aanspreeklikheid uit onregmatige dade, tussen intra vires en ultra vires handelinge. Waar handelinge ultra vires is, moet dit natuurlik duidelik bewys word dat die daad deur die regspersoon gemagtig

---

(t) Colonial Mutual Life Ass. Society vs Mc. Donald 1931 AD. 412
(u) Lee & Honore. para. 739 & Kohlberg vs. Uitenhage Municipality 1926 EDL. 90
(v) Lee & Honore p. 202 en Moosa vs Duma & Vereeniging Mun. 1944 TPD. 30
(w) Lee & Honore p. 202
(x) Lee & Honore para. 742
(y) Lee & Honore para. 743 & van Heerden vs SAPPI Ltd. 1946 AD. 382

(aa) Lee & Honore para. 744
(ab) Lee & Honore para. 745
(ac) Mc Kerron Supra p. 141
(ad) Mc Kerron Supra p. 142
(ae) Mc Kerron Supra p. 142

was teneinde die regspersoon aanspreeklik te maak, aangesien die reg nie sal impliseer dat die regspersoon sy diensknegte gemagtig het om die handelinge te verrig wat die regspersoon nie die reg het om self uit te voer nie. (af)

VERSKILLENDE ONREGMATIGE DADE :

I. OORLAS:

'n Persoon veroorsaak 'n oorlas wanneer hy op eiendom wat aan hom behoort of deur hom ge-okkupeer word, 'n toestand laat ontstaan waardeur die eienaar of besitter van ander eiendom onwettiglik benadeel of gehinder word, in sy gebruik en genot van sy eiendom, hetsy dit geskied deur fisiese skade aan die eiendom of deur ander inmenging in sy genot en gebruik van die eiendom, of met sy gebruik van 'n serwituut of 'n ander dergelike reg of met sy gesondheid, gerief en gemak. (ag)(ah)

'n Aksie ten opsigte van oorlas, is gegrond ten opsigte van 'n oorlas wat, uit sy aard, 'n private oorlas is en ten opsigte van die publiek, 'n oorlas is, waar die eiser ten gevolge van so 'n publieke oorlas 'n skade gely het. (aj)

II. INMENGING TEN OPSIGTE VAN HANDEL EN BESIGHEID :

'n Persoon wat opsetlik inmeng met die handel, besigheid, beroep of professie van werk van 'n ander, waardeur die laasgenoemde skade gely het, is aanspreeklik in 'n aksie vir skadevergoeding, en in sekere gevalle kan 'n interdik uitgeneem word deur die benadeelde of die eiser, as daardie inmenging geskied het deur 'n onwettige metode of deur kwaadwilligheid aangevuur was. (ak)

III. LASTER :

'n Persoon wat sonder wettige rede 'n verklaring publiseer aangaande 'n ander lewende persoon, hetsy deur gesproke woorde, of deur geskrif, of drukwerk, prente, „voorstelling effiges", of ander dergelike wyse, en daardeur beoog om daardie persoon se aansien te laat daal in die aansien van ander regdenkende lede van die samelewing, of beoog om hom te benadeel in sy handel, besigheid, professie of amptelike posisie, is (met sekere voorbehoud) aanspreeklik vir skadevergoeding deur die persoon aangaande wie die verklaring gepubliseer is, en indien nodig, mag 'n interdik teen die onregpleër uitgereik word teneinde verdere publikasie te verhoed. (al)

(a) GEKWALIFISEERDE PRIVILEGIE:

As 'n verweerder in 'n aksie vir skadevergoeding bewys dat die gewraakte verklaring gemaak was op 'n beskermde geleentheid soos hierna beskrywe, dan is hy geregtig op vonnis in sy guns b.v.

i. Enige verklaring van/of 'n uittreksel van enige verslag, geskrif, notule stemming of verrigting, gepubliseer deur die Verweerder of sy dienskneg kragtens opdrag of onder 'n Parlementêre gesag of Provinsiale Raad of 'n Komitee daarvan.

ii. Enige verklaring synde 'n direkte en/of korrekte en akkurate verslag van die verrigtinge van Geregshowe of die Parlement of 'n Publieke Statutêre liggaam.

iii. Enige verklaring wat betrekking het op die verrigtinge van 'n ondersoek, mag in die loop van 'n geregtelike of semi-geregtelike proses deur die regterlike amptenaar, party, gedingvoerder, getuie, advokaat of prokureurs gebesig word.

iv. Enige verklaring synde 'n kommunikasie van een persoon wat 'n regmatige belang in die onderwerp het, of kommunikasie wat gemaak is in uitvoering van 'n wetlike of morele plig aan 'n ander persoon wat 'n belang of 'n plig het om die kommunikasie te ontvang, op 'n geleentheid en op 'n manier wat redelik is in die omstandighede, m.a.w. waarmee nie bedoel word om aan 'n eiser meer leed toe te dien dan wat nodig is vir die beskerming van die belang of van die uitvoering van die onderhewige plig nie. (am)

(b) VERBEURING VAN GEKWALIFISEERDE PRIVILEGIE :

'n Gekwalifiseerde privilegie word verbeur as 'n verweerder die gewraakte verklaring met kwaadwillige bedoeling maak, m.a.w. as hy die geleentheid gebruik vir ander doeleindes dan daardie waarvoor 'n privilegie geskep is en as hy daarin aangevuur was deur 'n indirekte of kwaadwillige motief. Kwaadwilligheid kan afgelei word van die onverskilligheid, of die vernynigheid waarmee die woorde gebruik word, of van die omstandighede waaronder dit gepubliseer word. (an)

(af) Mc Kerron Supra p. 142
(ag) Lee & Honore p. 226
(ah) Lee & Honore para. 791 en Bfn. Town Council vs Richter 1938 AD. 195
(aj) Lee & Honore para. 793 en Municipality of Stellenbosch vs Levinsohn 1911 CPD.
(ak) Lee & Honore p. 229
(al) Lee & Honore para. 802
(am) Lee & Honore para. 810
(an) Lee & Honore p. 235

IV. AANSPREEKLIKHEID VIR GEVAARLIKE EIENDOM :

(a) Aanspreeklikheid van die Okkupeerder.

Enige persoon wat grond of geboue wat geokkupeer word deur andere binnetree en daar beseer word of skade ly as gevolg van 'n defek in die perseel of die gevaarlike toestand van die perseel mag skadevergoeding eis ten opsigte van 'n onregmatige daad van die okkupeerder as hy kan bewys dat in die omstandighede die okkupeerder nalatig was en dat sy nalatigheid die skade veroorsaak het. 'n Raad mag natuurlik ook aanspreeklik wees op ander gronde naamlik vir sy eiendom wat gevaarlik mag wees. (ao)

(b) Toetse van Nalatigheid.

'n Okkupeerder van grond of geboue is skuldig aan nalatigheid as:-

i. Hy geweet het van/of redelikerwys behoort te geweet het van die defektiewe of gevaarlike toestand van die perseel en; (ap)

ii. Hy geweet het van/of redelikerwys behoort te geweet het of te voorsien het, die teenwoordigheid van die Eiser op die perseel en;

iii. Hy versuim het om redelike voorsorgmaatreëls te neem vir die veiligheid van die Eiser. (ap)

(c) ENIGE persoon wat 'n voorwerp aanhou of gebruik of 'n werksplek aanhou of handel met 'n voorwerp wat, tensy dit met versigtigheid hanteer word, skade aan andere kan aanrig, is verplig om sodanige voorwerp of werksplek veilig te maak of sodanige stappe te doen as wat redelik noodsaaklik is in die omstandighede om te verhoed dat skade aan andere aangerig word. Hier dink ons aan die toepassing van meganiese werkswinkels en elektriese kragstasies of distribusieplekke. (aq)

AANSPREEKLIKHEID DEUR SEKERE STATUTE EN ORDONANSIES :

Aanspreeklikheid van Raadslede persoonlik:

(a) In enige regsproses waarin 'n Munisipaliteit betrokke is, mag dit verteenwoordig word deur Prokureurs of deur Advokate. Die Raadslid mag ook nie sy Munisipaliteit professioneel verteenwoordig nie, aangesien dit sal neerkom op diskwalifikasie. Ook mag hy nie teen sy Munisipaliteit direk of indirek 'n saak voer nie. Al die Plaaslike Bestuursordonansies in die verskillende Provinsies bevat sodanige bepalings. (ar)

(b) STRAF VIR DEELNAME WANNEER GEDISKWALIFISEERD :

Enige Raadslid wat in sy hoedanigheid as 'n Raadslid 'n vergadering bywoon of deelneem aan, of in 'n bespreking of verrigting van die Raad, of 'n komitee of sub-komitee daarvan;

(i) Deur die bespreking van enige saak waarin hy direk of indirek deur homself of deur sy eggenoot of vennoot of besigheids assosiasie enige geldelike belang het of

(ii) as hy ten tye van sy verkiesing of op 'n latere stadium opgehou het om bevoeg te wees, in terme van die Plaaslike Bestuurs-Ordonansies van die betrokke Provinsies, is skuldig aan 'n oortreding, tensy dit bewys kan word dat hy nie geweet het dat hy sodanige belang het of dat hy onbevoeg was. 'n Raadslid wat geweet het, of redelike gronde gehad het om te weet dat hy sodanige belang het, of dat hy onbevoeg was om deel te neem, sal nie onderhewig wees aan die strafklousules wat voorgeskryf word deur hierdie besondere bepalings as hy sy setel behou het, maar nie deelneem of deelgeneem het of gestem het in die bespreking van die Raad, komitee of subkomitee nie. (as)

Aandag word gevestig op die strenger bewoording van die nuwe Ordonansies. Onder die vorige Ordonansies was die onus op die Staat om beslissend te bewys die element van die Raadslid se kennis. Nou is die onus op die beskuldigde raadslid om te bewys dat hy nie geweet het van sy belang of dat hy gediskwalifiseer was nie. (as)

(c) OPTREDE AS ADVOKAAT ENS. TEEN RAAD :

Hierdie beletsel het betrekking op beide siviele en kriminele prosesse wat ingestel is deur of teen 'n Munisipale Raad. Hierdie artikel is so wyd gestel dat die beletsel ook geld vir 'n Raadslid om op te tree teen sy Raad deur 'n firma waarvan hy 'n lid is. Dit moet duidelik wees dat die aksie teen die

---

(ao) Lee & Honore p. 242 para. 821
(ap) Cape Town Municipality vs Paine 1923 AD. 207
(ap) Lee & Honore p. 242
(aq) Lee & Honore p. 224 en
Kift vs Cape Town Munisipaliteit (1900) 17 SC. 465 (elektrisiteit)
Kelly vs Jhb. Munisipaliteit (1906) TH. 245 (Elektrisiteit)
Hauman vs Malmesbury DC. 1916 CPD. 216 (ontploffingstowwe).
Colman vs Dunbar 1933 AD. 141 157

(ar) Dönges & v. Winsen Municipal Law p. 25
(as) Municipal Law - Dönges en van Winsen. 2e Ed. p. 88

Raad is. As 'n Raadslid verksyn voor 'n waardasiehof of 'n appélraad in verband met waardasies, waar die Raad sittende was in 'n judisiële kapasiteit, en appél aangeteken word teen 'n waardasie wat op sekere eiendom geplaas is, het die Hof gehou dat sodanige verrigtinge nie teen die Raad was nie. 'n Persoon wat genomineer is as 'n Raadslid, maar wat nog nie werklik as sulks verkies is nie, val nie binne die voorskrifte van hierdie artikel nie. (at)

(d) KONTRAKTE MET RAADSLEDE EN AMPTENARE:

Amptenare:

In die algemeen gesproke is dit vry vir alle persone om te kontrakteer met die Raad. Die reg van Raadslede en amptenare om met die Raad te kontrakteer is egter besonder beperk. Die geldigheid van die kontrak tussen die Raad en enige van die bogenoemde klasse van persone is in generly opsig geaffekteer deur sodanige beperking nie. Die verbreking van die beperking het alleenlik tot gevolg die persoonlike straf bepaling op die persoon wat skuldig is aan sodanige verbreking. Die regte van beide partye ex-contractu is ongeaffekteer. Hierdie beperking het egter nie betrekking op 'n dienskontrak tussen die werknemer en die Raad nie. Soos enige ander munisipale kontrak, mag hierdie soort ooreenkoms gesluit word formeel of informeel soos die partye mag verkies. 'n Werknemer in diens van 'n Munisipaliteit mag ook sonder enige diskwalifikasie met die Raad kontrakteer om hom 'n jaargeld of 'n gratifikasie te betaal. (au)(av)

'n Raad moet vir tenders vra waar 'n kontrak vir die uitvoering van sekere werk, of vir die lewering van enige goedere 'n bedrag van tussen R400 - R500 betrokke is in die onderskeie provinsies.

In 'n dringende geval mag 'n Raad versuim om tenders te vra, maar die vraag of die aangeleentheid dringend was, al dan nie, mag in die Hof betwis word. Indien 'n Raad versuim om tenders te vra, waar geen dringendheid bestaan nie, is sodanige optrede onwettig en die Raadslede en ander persone aanspreeklik vir sodanige optrede mag deur die Provinsiale Ouditeure aangeslaan word. (aw)

ELEKTRISITEIT :

Die verkoop en distribusie van elektrisiteit binne enige deel van die jurisdiksie gebied van 'n Munisipaliteit is, met sekere uitsonderings, onder die beheer van daardie Munisipaliteit. 'n Munisipaliteit mag self die ontwikkeling en distribusie van elektrisiteit onderneem binne die grense van sy regsgebied in welke geval dit in volle beheer daarvan sal wees. Aan die anderkant mag die ontwikkeling van en distribusie van elektrisiteit binne die jurisdiksiegebied van 'n Munisipaliteit onderneem word deur enige persoon, maatskappy of vereniging van persone, waaronder ingesluit is die Elektrisiteits-voorsieningskommissie, enige Regeringsdepartement, soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. In soverre die laasgenoemde liggame onder die definisie „gemagtigde ondernemer" val, soos beskrywe in die Elektrisiteits Wet 40/1958, en hulle wettiglik die reg om elektrisiteit te verskaf binne die jurisdiksiegebied van 'n Munisipaliteit, of in enige gedeelte van daardie gebied bekom het, hetsy kragtens 'n lisensie of toestemming waarvoor voorsiening gemaak is in hoofstuk 2 van die Elektrisiteitswet of deur ooreenkoms met die Munisipaliteit of andersins, is die beheer van die Munisipaliteit protanto uitgesluit. (ax)

Dit is nie nodig om te handel met die metodes waarvolgens 'n persoon of liggaam van persone die reg kan verkry om 'n ondernemer in die besondere gebied van 'n Munisipaliteit te wees, of die regte en verpligtinge wat aangegaan word deur sodanige ondernemer. Dit is slegs nodig om te sê dat hierdie sake ten volle bespreek word in die Elektrisiteitswet en byvoorbeeld in Ordonansie 6 van 1911 (Kaap). 'n Munisipaliteit wat elektrisiteit voorsien is spesifiek uitgesluit van die verpligting om 'n lisensie te bekom of 'n permit te bekom, soos voorsien is in die geval van 'n ondernemer in die Elektrisiteitswet.

Dit moet verder aangestip word dat 'n persoon wat aansoek doen by die Elektrisiteitsbeheerraad vir 'n lisensie om elektrisiteit te voorsien binne die jurisdiksiegebied van 'n Munisipaliteit moet behoorlik skriftelik kennis gee aan die Stadsklerk van sodanige Munisipaliteit van sy aansoek tesame met enige toepaslike inligting. (ay)

'n Munisipaliteit het derhalwe 'n volle geleentheid om sodanige vertoë te rig tot die Elektrisiteitsbeheerraad as wat dit nodig is ten opsigte van weerhouding van die lisensie of die toekenning daarvan op sekere voorwaardes. Bowendien sal geen persoon, maatskappy of vereniging van persone, Regeringsdepartement of administrasie of Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, behalwe die Spoorwegadministrasie vir kragdoeleindes die reg verkry, na die aanvang van Wet 40/1958, om elektrisiteit te voorsien aan ander persone, binne die gebied van die Munisipaliteit of om distribusie- of versendingslyne te bou vir sodanige voorsiening daarvan oor enige gedeelte of sodanige gebied, behalwe met die toestemming van die Munisipaliteit, welke toestemming natuurlik nie onredelik weerhou sal word nie. As dit beweer word dat 'n Munisipaliteit sy toestemming onredelik weerhou, sal die Elektrisiteitsbeheerraad 'n publieke verhoor van albei partye gelas waar die kwessie ten volle opgelos sal word. In praktyk egter sal gevind

---

(at) Dönges & van Winsen p. 131
(au) Dönges & van Winsen p. 279
(av) Municipal Law Supra p. 279
(aw) Municipal Law Supra p. 279

(ax) Municipal Law p. 407
(ay) Municipal Law p. 408

word, dat, (in die meerderheid van die Kaapse Munisipaliteite) word elektrisiteit opgewerk en gedistribueer in hulle gebied alleen, of in samewerking met die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie wat gemagtig is om kontrakte aan te gaan met Munisipaliteite vir die voorsiening van krag. (az)

DIE OPRIGTING VAN 'N ELEKTRIESE ONDERNEMING DEUR 'N MUNISIPALITEIT :

Formaliteite:

Die daarstelling van 'n elektriese onderneming deur 'n Munisipaliteit is gereguleer deur die Ordonansies in die onderskeie Provinsies en deur Wetgewing, die jongste waarvan is: Wet Nr. 40/1958. In soverre as wat hierdie verordeninge nie bots nie, het beide van hulle eweveel regsgeldigheid. In soverre as wat hulle bots, het die Wet voorkeur bo die Ordonansies. In die interprestasie van die twee Wetlike verordeninge moet sodanige vertolking op die voorskrifte daarvan geplaas word, wat sover dit moontlik is, beide stelle verordeninge van krag hou, b.v. Ordonansie 6 van 1911, stel in die vooruitsig dat 'n Munisipaliteit 'n ondernemer mag word wanneer dit elektrisiteit voorsien, gebruik of distribueer vir publieke doeleindes binne die jurisdiksie of gebied van die plaaslike owerheid. 'n Munisipaliteit is derhalwe beperk in die oprigting van sy skema vir die voorsiening van/of gebruik of distribusie van elektrisiteit tot daardie doeleindes gedefinieer deur die Ordonansies as Publieke doeleindes. (ba)

Wet Nr. 40/1958 en so ook die ou Wet (sy voorganger Wet Nr. 42/1922) sluit ook 'n Munisipaliteit in onder sy definisie van 'n gemagtigde ondernemer, maar dit blyk asook die Wet die Munisipaliteit vrystel van sodanige beperkings want nêrens in die Wet is enige beperking geplaas op 'n ondernemer ten opsigte van die doel waarvoor hy elektrisiteit mag voorsien. Enige Munisipaliteit, behalwe die Munisipaliteit van Kaapstad moet, voordat hy enige elektrisiteitsskema vir die voorsiening van Elektrisiteit begin, behoorlik planne en spesifikasies aan die Administrateur voorlê, met betrekking tot die werk, die uitvoering van konstruksie van die be-oogde skema en ook besonderhede van die finansiële aspekte daarvan voorsien en van die administrateur skriftelike aanduiding ontvang van sy toestemming tot die skema, dat dit die geskikste en die mees praktiese is, vir die betrokke Munisipaliteit. (bb)

Die Administrateur mag op ontvangs van 'n skema vir verdere inligting vra, of veranderinge aan die skema voorstel of dit onvoorwaardelik goedkeur of sy toestemming heeltemal weier. (bc)

As 'n Administrateur eens 'n kondisie opgelê het, mag hy dit later weer terugtrek as hy dit goeddink. Indien 'n ondernemer versuim om aan die kondisies wat opgelê is, te voldoen, kan die Administrateur sy toestemming tot die skema weier of terugtrek. (bd)

Ordonansie 6/1911 b.v. word slegs van toepassing op ondernemers wat reeds bestaan het op die datum van sy afkondiging, en 90 skoon dae na sodanige datum. Enige ondernemer wie se onderneming reeds bestaan het op sodanige datum het slegs nodig om te voldoen aan die voorskrifte van Artikel 4(1) van Ordonansie 6 van 1911 met betrekking tot voorlegging van skemas as sodanige ondernemer begeer om die betrokke skema uit te brei, of 'n verandering aan die bestaande onderneming te bring, wanneer die totale koste van sodanige verandering of uitbreiding bereken word om 'n bedrag beraam teen $\frac{1}{2}\%$ van die totale onderneming te oorskry, of wanneer die bedrag minder is as R200.00

Bykomstig tot die bogemelde formaliteite wat neergelê is deur Ordonansie 6/1911 wanneer 'n Munisipaliteit begeer om 'n onderneming daar te stel of om sy bestaande onderneming te vergroot dat dit binne enige periode van 12 maande 10% van die bestaande opweggingskapasiteit oorskry, moet aansoek gedoen word by die Administrateur vir sy toestemming en die aansoek moet vergesel wees van 'n rapport van 'n Raadgewende Ingenieur oor die betrokke voorstelle. Die Administrateur is verplig om van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie 'n rapport oor die voorstelle te vra. Die laasgenoemde liggaam is verplig om die Administrateur van 'n rapport te voorsien waarin hulle adviseer wat die beste metode is vir die Munisipaliteit om die skema ten uitvoer te bring en in die besonder of die Kommissie self so 'n diens kan instel ten voordeel van die belastingsbetalers en die verbruikers. (be)

BEDRADINGSWERKERS ONDER WET NR. 48/1962.

'n Persoon wat verlang om geregistreer te word as 'n elektriese bedradingswerker moet skriftelik aansoek doen by die Elektriese Bedradingswerkers-Registrasie Raad, soos ingestel onder Wet Nr. 48/1962. Hy moet die Raad tevrede stel dat hy in besit is van sekere kwalifikasies soos neergelê deur die Wet. As die Raad tevrede is dat die applikant geregtig is op registrasie, sal die Raad na betaling van die voorgeskrewe fooie, hom registreer en aan hom 'n registrasiesertifikaat uitreik in die voorgeskrewe vorm.

Die Raad mag ook voorlopige registrasiesertifikate uitreik geldig vir 'n periode van nie meer dan ses maande nie.

(az) Municipal Law p. 408
(ba) en (bb) Municipal Law Supra p. 409
(bc) en (bd) Municipal Law p. 409

(bd) Municipal Law p. 409
(be) Municipal Law p. 410

Die Raad het die mag in voorgeskrewe omstandighede om die naam van enige persoon van die register van die Elektrotegniese bedradingswerkers te skraap, of in sekere gevalle enige sertifikaat wat deur sodanige persoon gehou word, op te skort, en in ander gevalle sekere feite teenoor sy naam te endosseer in die register. Die Raad mag ook die opskorting van die sertifikaat kanselleer of die naam op die register herstel.

In 'n gebied bepaal deur die Minister van Arbeid in terme van Artikel 18 van Wet nr. 48 van 1962 mag geen persoon enige bedradingswerk doen of vir sy voordeel of die voordeel van iemand anders, tensy hy 'n houer is van 'n bedradingswerker-sertifikaat of dat hy onder enige van die ander gespesifiseerde klasse van persone val.

Nie alleen moet 'n persoon wat bedradingswerk doen in 'n bepaalde gebied binne die bogemelde klasse val nie, maar niemand in gemelde klasse in sodanige bepaalde gebied mag enige bedradingswerk, toebehore of apparate in verband waarmee bedradingswerk alreeds gedoen was, met 'n bron van krag voorsiening verbind, tensy sodanige draadwerk toebehore of apparate ge-inspekteer was, getoets was en goedgekeur was deur 'n persoon in diens en genomineer vir die doel deur 'n gemagtigde voorsiener en bestemming om sodanige verbinding te maak, gegee was deur sodanige voorsiener. (bf)

As by sodanige inspeksie enige defek of fout in sodanige werk of 'n oortreding van die voorsiener se reglemente gevind word, moet die persoon wat die inspeksie doen, alle besonderhede van die fout, defek of oortreding tesame met die naam van die bedradingswerker verantwoordelik, aan die Munisipaliteit wat krag voorsien, rapporteer. As die Munisipaliteit besluit dat die fout, defek of oortreding regverdig dat die naam van die draadwerker van die register verwyder word, of die opskorting van sy sertifikaat, of 'n endossement teenoor sy naam, moet dit gerapporteer word aan die Bedradingsregistrasieraad en mag die draadwerker verbied word om vir een maand die bedradingswerk te doen, hangende die besluit van die Bedradings Registrasie Raad. Hierdie laasgenoemde mag alleenlik gebruik word as die Munisipaliteit van mening is dat die verwydering of opskorting van die bedradingswerker geregverdig is.

Die Raad oorweeg dan die saak en dit mag óf die verbod teen die bedradingswerker uitgereik, deur die Munisipaliteit opskort, óf kanselleer, of daar mag met die bedradingswerker gehandel word kragtens Artikel 14 van die Wet. As die Raad tot die gevolgtrekking kom dat die uitreiking van die verbod nie geregverdig was nie, moet die Munisipaliteit die bedradingswerker skadevergoeding betaal vir sy verlies van verdienste. (bg)

(bf) Municipal Law Supra p. 417
(bg) Municipal Law Supra p. 419

AANSPREEKLIKHEID VAN DIE MUNISIPALITEIT VIR SKADE DEUR ELEKTRISITEIT:

(i) Onder die Gemenereg.

'n Munisipaliteit wat 'n gemagtigde ondernemer is in terme van die Elektrisiteits Wet nr. 40 van 1958, soos gewysig (of volgens Wet 42 van 1922, soos gewysig) het die statutêre mag om 'n onderneming vir krag-opwekking en distribusie van elektriese energie te onderneem. Wanneer 'n Munisipaliteit wat sy onderneming op sodanige manier beheer soos deur die statuut in vooruitsig gestel en metodes gebruik wat in die ontwikkeling en verbetering en deur ervaring geblyk het om die beste metodes te wees en in geen opsig nalatig is nie, dan kan sodanige Munisipaliteit nie aanspreeklik gehou word vir die besering van enige persoon of beskadiging van enige eiendom as gevolg van die opwekking en distribusie van elektriese energie nie. (bi)

'n Munisipaliteit is in sy hoedanigheid as 'n ondernemer onder die Wet nie 'n versekeraar nie. Daar is geen absolute verantwoordelikheid wat op 'n Munisipaliteit geplaas word vir alle skade wat voortvloei uit die opwekking en distribusie van elektriese energie nie. Die leer van Rylands vs Fletcher word nie in Suid-Afrika toegepas nie. (b2)(bh)

Die toets vir 'n Munisipaliteit in teenstelling daarmee, is die van nalatigheid (culpa) nl. 'n versuim of om sodanige redelike en behoorlike maatreëls te neem as wat nodig is om skade te verhoed aan persone of eiendom. Ten einde te besluit wat nalatigheid is, aan die kant van 'n ondernemer, moet dit in gedagte gehou word dat 'n Munisipaliteit besig is om te handel met 'n hoogsgevaarlike hulpmiddel en die voorsorgmaatreëls wat dit neem moet op sodanige wyse wees, dat dit behoorlik is, ten einde die Publiek teen sodanige hulpmiddel te beskerm. Wat behoorlike voorsorg maatreëls is, sal ook afhang van alle omstandighede van die saak.

In Kift's se saak b.v. was dit gehou dat 'n Munisipaliteit nie behoorlike voorsorgmaatreëls getref het nie, waar 48 uur verloop het tussen die tyd toe 'n elektriese distribusie draad gebreek het en geval het op die grond in 'n dig bewoonde deel van Kaapstad en die tyd toe dit eers aandag ontvang het. (bj)

(bi) Dönges en v. Winsen Supra p. 420 en Eastern & S.A. Telegraph Co. vs Cape Town Tramways Co. 17 S.C. 95
(b2) Botes vs Potchefstroom Municipality and Another 1941 TPD. 149 re p. 154
(bh) Rylands vs Fletcher. (1868) L.R. 3H. L. 330 and Dönges & v. Winsen Supra p. 420 and 421

In dieselfde saak was dit gehou dat waar 'n Munisipaliteit se bogrondse distribusie lyne bo-oor 'n tremlyn loop was dit nalatig vir die Munisipaliteit om nie behoorlike voorsorgmaatreëls te getref het ten einde kontak tussen die twee stelle drade te verhoed nie. Aan die anderkant in Jurgenson se saak waar 'n dooie tak van 'n boom afgebreek het op 'n punt 40 vt bo die grond in 'n posisie van waar dit nie op die gewone wyse bo-op drade sou val nie, en wel op die drade geval het, was dit gehou dat die Munisipaliteit nie nalatig was toe hulle versuim het om die boom te inspekteer nie. Sonder dat die Hof egter beslis het of daar 'n plig op die Munisipaliteit was om die boom te inspekteer, het die Hof gehou dat geen redelike inspeksie die feit aan die lig sou gebring het, dat die tak verrot was en moontlik op die drade sou val, indien dit nie verwyder was nie. Daar is geen twyfel dat een van 'n Munisipaliteit se pligte is om gereeld die verskillende dele van sy onderneming te inspekteer nie en as dit kan bewys word dat skade ontstaan het deur die ontsnapping van elektrisiteit, wat verhoed kon gewees het deur redelike inspeksie, dan sal 'n Munisipaliteit aanspreeklik wees op grond van nalatigheid, tensy daar enige ander wetlike verdediging mag wees. (bk)

In Botes se saak is dit gehou dat as 'n persoon 'n gevaarlike artikel aan 'n ander persoon verskaf, en dit uit eersgenoemde se beheer uitraak en oorgaan in die alleen-beheer van daardie ander persoon en die laasgenoemde daarna dit nalatiglik gebruik op sodanige manier dat die skade berokken aan 'n derde party, sal die verskaffer nie vir skadevergoeding aanspreeklik wees aan so 'n derde persoon nie, tensy sodanige verskaffer 'n gevaarlike artikel in besit geplaas het van 'n persoon wat klaarblyklik ongeskool was, of onbekwaam is om dit te beheer of onwaarskynlik voorsorgmaatreëls sou tref. (bk)

(ii) Onder die Statutêre reg.

Ordinansie 6 van 1911, (Kaap) plaas geen statutêre verpligting op 'n Munisipaliteit, wat 'n ondernemer is om skade te betaal aan enige persoon, wat skade ly as gevolg van 'n Raad se opwekking en distribusie van elektrisiteit. Op 'n dergelike wyse voeg die ou Wet 42 van 1922, soos gewysig, (of die nuwe Wet 42 van 1958) soos gewysig, niks toe of verander dit in geen opsig die gemeenregtelike aanspreeklikheid van 'n ondernemer vir skade gedoen, deur elektrisiteit wat opgewek word of deur hom oorgestuur word nie. Hierdie Wet maak wel verandering in die byvoeglike reg as dit besonders bepaal waar die bewyslas in sekere gevalle sal rus. (bl)

Hiermee handel ek hieronder.

Dit Staats President is egter gemagtig om regulasies te maak vir die beskerming van die Publiek teen skade of beserings voortvloeiende uit die be-oefening van die regte wat toegeken word kragtens die elektrisiteits-Wet en volgens die Wet wat ook insluit die reg wat aan 'n Munisipaliteit toegeken is om sy elektrisiteits onderneming op te rig of uit te brei.

(iii) Bewys van nalatigheid onder die gemene reg moet die Eiser wat sy eis baseer op nalatigheid, die nalatigheid van die Verweerder bewys ten einde te kan slaag in sy aksie. 'n Persoon beseer deur elektrisiteit moet bewys dat sy besering te wyte is aan die nalatigheid van die Munisipaliteit. Dit mag wees soos dit neergelê is deur Hoof-Regter de Villiers in die saak Eastern and S.A. Telegraph Co. saak dat: "The facts of the escape and damage would afford prima facie evidence of negligence". (bm)

Die feit dat 'n elektriese draad gebreek het en op die grond gelê het vir 48 uur voordat die Raad bewus geword het van die feit, was gehou in Kift's se saak as prima facie getuienis van nalatigheid aan die kant van die Raad.

Die leerstuk van „res ipsa loquitur" kan ook aangewend word deur die Eiser ten einde bewyslas af te wend in sommige gevalle.

Omdat dit so uiters moeilik is om in sekere omstandighede nalatigheid aan die kant van 'n Munisipaliteit in sekere sake te bewys het die wetgewer ingetree en bepaal dat in prosesse teen 'n ondernemer wat ontstaan uit skade of beserings veroorsaak is deur induksie of elektroliese of op 'n ander wyse deur middel van elektrisiteit wat ontwikkel is of oorgestuur is deur, of ontsnap het van elektriese toerusting, of masjinerie van enige ondernemer, sal dit nie nodig wees dat 'n eiser moet bewys dat die skade of beserings veroorsaak was deur nalatigheid van die Verweerder en skade vergoeding mag verhaal word, ondanks die afwesigheid van sodanige bewys. (Artikel 50 (i) Wet 40 van 1958).

As ons die uitspraak van Hoof-Regter de Villiers en die Eastern en S.A. Telegraph Co. Saak toepas op hierdie artikel dan is die submissie dat dit betrekking het in sy toepassing op daardie gevalle waar skade of beserings veroorsaak was deur induksie of elektroliese of iets dergeliks in sy werking van die twee genoemde metodes. In daardie besondere saak het die geagte Hoof-Regter opge-

(bj) Kift vs Cape Town Municipality 17 SC. 465
(bk) Dönges & van Winsen p. 421
(bl) Dönges & van Winsen p. 421
(bm) Dönges & van Winsen p. 422

merk: "The Legislature would not have specified electrolysis as one of the forms of damage for which the defendants should be liable if it had intended that the liability should extend to every possible form of damage". (bn)

As die feit in ag geneem word dat dit baie moeilik sal wees om nalatigheid te bewys, in die geval van veroorsaking van skade deur induksie of elektroliese en dat die wetgewer dit derhalwe nodig gevind het om die Eiser by te staan in sodanige sake en verder in agnemende dat waar hierdie artikel die bewyslas verander, en dit 'n afwyking van die gemene-reg is, is die submissie dat dit in 'n baie beperkende sin vertolk moet word. (bo)

Verder moet dit bewys word dat die skade of besering beslis ontstaan het deur induksie of elektroliese of sodanige dergelike metode.

Dit het die Eiser in die onderhawige saak versuim om te doen.

Dit Artikel gaan verder en bepaal dat dit ook 'n verdedigingsgrond sal wees in enige sodanige geding dat die skade of besering te wyte is aan die opsetlike daad of te wyte is aan die nalatigheid van die beseerde persoon of iemand wat nie in diens van die Verweerder is nie, of van een of ander persoon wat met die uitrusting of masjinerie van die Verweerder, sonder sy toestemming gewerk het. (bp)

Toe Regter Malan hierdie artikel vertolk het, het hy in die Botes saak gesê: „Na my mening en ten einde 'n behoorlike vertolking van hierdie artikel te gee, gaan hierdie artikel nie verder dan om die bewyslas onder die gemenereg te verskuif nie. Sodra die feite wat uiteengesit is in Artikel 50 (i) van die Elektrisiteits Wet bewys is, dan word nalatigheid vermoed, maar as 'n mens hierdie artikel vertolk, dan moet dit verder beperk word in die opsig dat die bewyslas, in soverre dit nodig is vir die beslissing of op die ontwikkeling en distribusie, of op die persoon van wie se uitrusting die stroom ontsnap het te plaas, slegs wanneer die besering veroorsaak is in die proses van opwekking of in die proses van oorstuur, of wanneer die ontsnapping van stroom plaasvind van die toestel of die persoon wat in beheer is". (bq)

BESKERMING VAN MUNISIPALE AMPTENARE EN/OF RAADSLEDE IN DIE UITVOERING VAN HUL PLIGTE.

Onder die gemene reg is enige amptenaar van Munisipaliteite, wanneer hy as sulks optree in die uitvoering van sy pligte geregtig om skadeloosstelling te ontvang op dieselfde wyse as enige ander verteenwoordiger. Spesiale statutêre beskerming word ook aan sekere werknemers voorsien.

Geen rapport wat gemaak is, of aksie wat geneem is, of enige daad wat verrig is deur 'n mediese gesondheidsbeampte of enige algemeen of spesiale gemagtigde amptenaar van 'n plaaslike owerheid, in die uitvoering van enige mag wat hom opgelê is, of die uitvoering van enige plig wat hom opgelê is, deur die Wet op Agterbuurtes, stel hom bloot in sy persoonlike hoedanigheid aan enige regsproses hoegenaamd, met dien verstande dat sodanige rapport was of die daad ter goeder troue en sonder nalatigheid gedoen was. Waar 'n amptenaar in uitvoering van sy pligte onder die Publieke gesondheidswet beweer word om 'n persoon enige leed aan te gedoen het, of skade aan enige eiendom verrig het, dat dit 'n verdedigingsgrond in enige regsproses wees, wat gegrond is op sodanige bewering, en gebring is teen sodanige amptenaar, dat die laasgenoemde amptenaar die bes bekende maatreëls getref het of die enigste of die mees praktiese metodes aangewend het in die uitvoering van sy pligte soos vermeld. (br)

KOSTE DE BONIS PROPRIIS.

Die beginsels wat ons Howe sal toepas ten einde te besluit wanneer koste teen 'n amptenaar de bonis propriis toegeken sal word, is dieselfde as die beginsels wat toegepas sal word in 'n geval waar 'n Burgemeester optree in sy amptelike hoedanigheid. In die algemeen gesproke sal die Hof slegs koste teen enige persoon de bonis propriis beveel waar sy bona fides afwesig is, of in 'n geval waar hy heeltemal nalatig of onredelik opgetree het. (bs)

Die amptenaar is soms geplaas in 'n posisie waarin hy 'n judisiële of quasi-regtelike funksie moet verrig. Sou hy 'n verkeerde beslissing gee en sy beslissing op appel geneem word, dan ontstaan die vraag of die suksesvolle appéllant enige koste teen die amptenaar wie se beslissing omver gegooi is, moet kry.

In die saak Pillay vs Humansdorp Munisipaliteit en andere het die Hof gehou dat waar 'n persoon op 'n bona fide manier sy regtelike funksies of quasi-regtelike funksies uitgevoer het in sake wat hy kragtens die reg vereis word om uit te voer, sal die feit dat hy tot die verkeerde beslissing geraak het hom nie aanspreeklik maak vir koste nie.

So ook in die saak van die Hoofpasbeheerbeampte van Johannesburg teen Mashamba het die Hof tot die gevolgtrekking gekom dat waar 'n Publieke amptenaar aan wie toevertrou is judisiële of quasi-regtelike funksies en hy beide sodanige funksies op 'n bona fide manier uitvoer, sal die Hof nie koste teen sodanige amptenaar in 'n geding

(bn) Dönges & van Winsen p. 422
(bo) Dönges & van Winsen p. 422
(bp) Dönges & van Winsen p. 423
(bq) Dönges & van Winsen p. 423

(br) Dönges en v. Winsen p. 334
(bs) Dönges en v. Winsen p. 335

wat voortspruit uit die verkeerde beslissing deur hom gegee, toeken nie.

Die Hof sal slegs weier om 'n bevel vir koste te maak waar 'n amptenaar optree, in die regtelike of quasi-regtelike hoedanigheid en nie in gevalle waar hy nie in 'n administratiewe hoedanigheid optree nie. As hy sou optree in 'n administratiewe hoedanigheid sal koste teen hom gegee word in daardie hoedanigheid of persoonlik de bonis propriis indien sodanige bevel geregverdig is. (bt)

WELKE BESKERMING IS DAAR VIR AMPTENARE EN RAADSLEDE:

Onder die gemene reg is 'n werkgewer verplig om redelike maatreëls te neem vir beskerming van sy werknemers teen skade voortvloeiende uit dade verrig in hulle diensbetrekking. Soos reeds genoem is sekere amptenare deur statute beskerm. (Volgens die Wet op Agterbuurtes en die Publieke Gesondheidswet).

Oor die algemeen is daar vele munisipale amptenare in die onderskeie provinsies byvoorbeeld die Elektriese-ingenieur wat nie beskerm is nie. Die munisipale rade het ook geen magte kragtens ordonansie om sodanige beskerming te verleen nie, behalwe in Natal waar Artikel 79 van Ordonansie 21 van 1942 (Natal) munisipaliteite magtig om regulasies af te kondig waardeur munisipale werknemers gevrywaar kan word teen enige persoonlike hofgedinge, regsaanspreeklikheid, eise of aanskrywings, waaraan hulle blootgestel mag word as gevolg van enige handeling deur hulle in goedertrou gedoen of nagelaat is om te doen, in die uitvoering van hulle pligte.

Die onderhawige regulasies afgekondig onder die Natal Ordonansie lees as volg:-

(a) It is recorded that by section 79 of Ordinance No. 21 of 1942, officers and servants of the Council are indemnified against any personal action, liability, claim or demand in consequence of any matter or thing done by them under the direction of the Council, in good faith, for the purpose of Ordinance No. 21 of 1942, or any by-law in force within the city.

(b) WHENEVER:-

(i) Any law imposes upon any officer or servant of the Council, acting in his official capacity, a statutory duty of a personal nature, in the performance of which he is independent of the control of the Council; and

(ii) such officer or servant becomes involved in legal proceedings whether civil or criminal arising out of any matter or thing done or omitted by him in the performance of such statutory duty; and

(iii) such officer or servant has forthwith reported to the head of his department or, in the case of a head of department, to the Town Clerk, in writing, the fact that such legal proceedings have been commenced against him and has furnished such particulars thereof as have been required; and

(iv) the Council has resolved or, in any case of urgency, the Mayor and Chairman of the Staff committee have agreed in writing, that in its or their opinion the officer or servant concerned acted in good faith and without negligence of foolishness in the performance of the statutory duty in question;

the Council shall be deemed (subject to subsection (c) hereof) to have indemnified the officer or servant concerned against any claim of liability which may devolve upon him as a result of such legal proceedings and shall undertake his defence or pay his legal costs therein.

(c) If any officer or servant, in respect of whom the indemnity provided by sub-section (b) is in operation, fails to obey any lawful direction given to him on behalf of the Council in regard to the legal proceedings in which he is involved, such indemnity shall thereupon cease and determine, and the officer or servant shall on demand, reimburse to the Council the amount of any expenses or other liabilities it may have incurred on his behalf".

Ook onder die Transvaalse Plaaslike Bestuurs Ordonansie Nr. 17 van 1939 (soos gewysig) word in Artikel 47 persoonlike beskerming verleen aan amptenare en raadslede vir hulle onregmatige dade onder die omstandighede gepleeg soos uiteengesit in die Ordonansie.

Die onderhawige artikel lui soos volg:-

"Section 47

No matter or thing done or omitted, and no contract entered into by the Council, and no matter or thing done or omitted by any councillor or officer or servant of the Council shall if the matter or thing were done or omitted or the contract was entered into in good faith for the purposes of this Ordinance or of any by-law or regulation in force in the municipality, subject any such person personally to any action, liability, claim or demand whatsoever, and any expense incurred by the council or any such person as aforesaid shall be paid by the Council out of its revenues; provided that nothing in this section shall exempt any such councillor, officer or servant or other person aforesaid

---

(bt) Municipal Law Supra p. 335

from liability to be surcharged with the amount of any payment which may be disallowed by the auditor, appointed by the Administrator under section fifty-nine of this Ordinance in the accounts of the council and which such councillor authorized or joined in authorizing".

Bogemelde artikel verleen geen beskerming teen kriminele stappe nie. Dit is juis die kriminele prosesse wat teen die Ingenieur persoonlik ingestel word onder die Fabriekswet, Elektrisiteitswet en Mines and Works Act wat bekommernis wek.

Dit wil voorkom of verskeie ander amptenare wat pligte het om uit te voer onder ander Wette soos Verkeer en Administrasie van Nie-Blanke sake, nie gedek word nie. (bu)

Laat ons die aanspreeklikheid kortliks behandel:

'n Munisipaliteit kan krimineel vervolg word.

"Strictly this is only where mens rea is not an essential ingzedient of the offence. This is the case where the acts complained of are acts which in the public interest are prohibited under a penalty .....; another class comprehends some, or perhaps all, public nuisances .....; and lastly there may be cases in which, although the proceeding is criminal in form, it is really only a summary mode of enforcing a civil right"

per Wright J. in Sherras vs de Rutzen (1895) QB 918

Nou egter, maak die voorskrifte van Artikel 381 van die Strafproseswet Nr. 56/1955, die publieke aanklaer geregtig om, wanneer 'n misdaad gepleeg is, voortvloeiend uit enige, Wet, Regulasie, of gemene reg, waarvoor 'n regspersoon aanspreeklik is, ook die werknemers of direkteure, burgemeester, Voorsitter, Stadsklerk of ander amptenare persoonlik of in 'n verteenwoordige hoedanigheid aan te kla.

Die volle teks van die betrokke Artikel waarna verwys word, lui as volg:-

Art. 381:

(1) Teneinde 'n regspersoon strafregtelik aanspreeklikheid op te lê weens 'n misdryf, hetsy wetregtelik of gemeenregtelik, word:-

(a) enige daad wat deur of in opdrag of met uitdruklike of stilswyende toestemming van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, met of sonder 'n besondere opset, verrig word; en

(b) die versuim, met of sonder 'n besondere opset, om 'n daad te verrig wat verrig moes geword het, maar nie verrig is nie, deur of in opdrag van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon,

by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte as so 'n direkteur of dienaar, of ter bevordering of gepoogde vordering van die belange van daardie regspersoon geag 'n daad met dieselfde opset, as daar opset by is, deur daardie regspersoon verrig te gewees het of, na gelang van die geval, 'n versuim en met dieselfde opset, as daar opset by is, aan die kant van daardie regspersoon te gewees het. (bv)

(2) By 'n vervolging teen 'n regspersoon, word 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, in die hoedanigheid van verteenwoordiger van daardie regspersoon, as die oortreder gedaag, en met die aldus gedaagde persoon kan dan, as so 'n verteenwoordiger, gehandel word asof hy die persoon was wat beskuldig word dat hy die betrokke misdryf gepleeg het: Met dien verstande dat:-

(a) indien bedoelde persoon skuldig pleit, die pleit nie geldig is nie tensy die regspersoon hom gemagtig het om skuldig te pleit;

(b) indien bedoelde persoon op enige stadium van die saak ophou om 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon te wees of vlug of nie in staat is om aanwesig te wees nie, die betrokke Hof of Magistraat op versoek van die aanklaer van tyd tot tyd bedoelde persoon kan vervang deur iemand anders wat ten tyde van so 'n plaasvervanging 'n direkteur of dienaar van bedoelde regspersoon is en die verrigtinge dan voortgaan asof geen plaasvervanging geskied het nie;

(c) indien bedoelde persoon, as verteenwoordiger van die regspersoon ter strafsitting verwys word, hy nie na die gevangenis verwys word nie maar op sy eie borgakte vrygelaat word om op verhoor gestel te word;

(d) indien bedoelde persoon, as verteenwoordiger van die regspersoon, skuldig bevind word, die Hof wat hom skuldig bevind, hom in sy verteenwoordigende hoedanigheid geen straf, hetsy regstreeks of as alternatief, behalwe 'n boete, oplê nie, selfs indien die toepaslike wetsbepaling vir die oplegging van 'n boete ten opsigte van die betrokke misdryf geen voorsiening maak nie, en sodanige boete deur die regspersoon, betaalbaar is en deur

(bu) Notas deur Professor J. C. de Wet.

(bv) Notas deur Professor J. C. de Wet.

beslaglegging op en verkoping van enige eiendom van die regspersoon, ingevolge artikel d r i e h o n d e r d sewe-en-dertig verhaal kan word;

(e) (e) die daging van 'n direkteur of dienaar van 'n regspersoon by 'n vervolging wat daarteen ingestel w o r d, te verteenwoordig, daardie direkteur of d i e n a a r nie van 'n vervolging weens daardie misdryf ingevolge sub-artikel (5) vrystel nie.

(3) By 'n strafsaak teen 'n regspersoon, in enige aantekening deur 'n direkteur, dienaar of agent van die regspersoon binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige direkteur, dienaar of agent gedoen of gehou, of enige dokument wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer van so 'n direkteur, d i e n a a r of a g e n t binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige direkteur, dienaar of agent was, as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar.

(4) By die toepassing van sub-artikel (3) word e n i g e aantekening deur 'n direkteur, dienaar of agent van 'n regspersoon gedoen of gehou of enige dokument wat te eniger tyd in sy bewaring of onder sy beheer was, v e r m o e d deur hom binne die bestek van sy w e r k s a a m h e d e as so 'n direkteur, dienaar of agent, gedoen of gehou te gewees het of in sy bewaring of onder sy b e h e e r te gewees het tensy die teendeel bewys word.

(5) Wanneer 'n misdryf gepleeg is hetsy deur die verrigting van 'n daad of deur die versuim om 'n daad te verrig, waarvoor 'n regspersoon v e r v o l g kan word of kon g e w o r d het, word enige-iemand wat ten tyde van die pleeg van die misdryf 'n direkteur of dienaar van die regspersoon was, geag aan bedoelde misdryf s k u l d i g te wees, tensy dit bewys word dat hy nie aan die pleeg van die misdryf deelgeneem het en dit nie kon verhoed het nie, en kan hy saam met die regspersoon of afsonderlik weens daardie misdryf a a n g e k l a word, en by skuldigbevinding persoonlik daarvoor gestraf word.

(6) By 'n strafsaak teen 'n direkteur of dienaar van 'n regspersoon weens 'n misdryf:-

(a) is getuienis wat teen daardie regspersoon by 'n vervolging weens daardie misdryf toelaatbaar sou wees of was, t e e n die beskuldigde toelaatbaar;

